DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Joh.15:5*

18 Februarie 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 26: 1, 2	Sing vooraf	Ps. 19: 4, 5
Sing	Ps. 96: 1, 2	Sing	Ps. 98: 1, 2
	Ps. 139: 1, 12		Ps. 86: 2, 6
	Ps. 15: 1, 2		Ps. 134: 4
	Ps. 15: 4, 5		Ps. 119: 4, 5
Skriflesing	Psalm 15 Hebreërs 9	Skriflesing	Handelinge 11: 19-30 Handelinge 12:25 - 13:3
Teks	Psalm 15: 1b	Teks	Handelinge 11: 26b
Tema	**Om in die teenwoordigheid van die HERE te mag lewe**	Tema	**Om 'n Christen genoem te word**
Katkisasie-opening: Psalm 1: 1, 4			

2. ALGEMENE KERKNUUS

Beroepe Ontvang

- Proponent JPL van Jaarsveld (Vickus) na Krugersdorp-Wes/Magaliesburg-kombinasie

Beroepe Aanvaar

- Proponent JAG Henning (Kosie) na Harrismith
- Ds PD Mqokolo (Piet) van Tshing na Ikageng Bophirima

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BORG 'n BYBEL

Daar is geleentheid vir die katkisante om op DV **Sondag, 4 Maart** by Rus-oord bybels uit te deel vir die bejaardes wat nie een het nie. Daar gaan 'n kort vermaaklikheids-program en verversings vir die bejaardes aangebied word. Verskeie jongmense van ons gemeente het reeds ingestem om musiek te maak en indien daar nog lidmate is wat hul talente wil aanbied, kontak asseblief vir sr. Debbie Joubert. Die Bybels is aangekoop met die gelde van die katkisante se spaarbussies. Almal is welkom - kom ons gaan maak die bejaardes se harte baie bly! Skryf asseblief jou naam en besonderhede op die lys op die kennisgewing bord in die konsistorie.

BYBELSTUDIE

Bellville (Afrikaans): Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 15:10 e.v. / Aand: Handelinge 15:19 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)
Rondebosch (Engels): Woensdag om 18h00 by Michael's Cafe, Rondebosch

DIE GEELBLADSYE

Die Geelbladsye is ons gemeente se advertensie blad wat een keer per kwartaal (met nagmaal) uitgegee word. Nuwe advertensies of veranderinge aan bestaande advertensies moet asseblief voor **Dinsdag, 20 Februarie** om **09h00** gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za

GELUKWENSING

Br. Anton en sr. Carin van den Bout is afgelope Vrydag in die huwelik bevestig. Ons bede is dat God jul huwelik ryklik mag seën!

KOOR

Die koor oefen vanmiddag om 17h00. **Ons benodig nog lidmate om genoeg stemme in die koor te hê – veral alte en tenore word gesoek.** Alle lidmate, jonk en oud, word hartlik uitgenooi om asseblief saam te kom sing!

LEWENDE STENE & ROTSE

Alle graad 8 tot 25-jarige lidmate kom vanaand van 19h30 tot 21h00 bymekaar in die kerkhuis. Ons sal Prediker 3 behandel in Bybelstudie. Kontak asseblief sr. Carolien Meijering vir navrae.

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Sr. Jethie Buys wat haar arm gebreek het ; en
- Sr. Nel Goedhart wat geopereer is en tans tuis aansterk.

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Ons wil graag hierdie jaar weer gaan kamp met die Skiereiland vir Christus kinders. Dit was 'n groot sukses verlede jaar - ons het meer van die kinders geleer en is definitief besig om dieper verhoudings te bou. Die kamp se sukses was wel nie te danke aan een of twee persone nie, dit was as gevolg van baie lidmate se insette en bydraes. Hierdie jaar wil ons weer die gemeente se hulp vra - enige wyse van hulp sal waardeer word!

Die kamp vind plaas DV Woensdag, 4 April - Sondag, 8 April te Disakloof, Bettiesbaai.

Ons benodig:

- **Groepleiers** wat die kamp kan bywoon en met die kinders werk ;
- Lede vir die **kos-span** wat vir br. Adriaan Louw kan bystaan ;
- Persone wat kan help met die **vervoer** van kinders en toerusting ; en
- Lidmate wat kans sien om vir ons 'n **aktiwiteit** te kom aanbied.

Dit is ook nie nodig om die hele naweek by te woon nie – almal is welkom om te kom kyk wat ons doen!

Kontak asseblief vir srs. Elré Gerber, Magda Groot of Jana de Bruyn indien jy wil betrokke raak.

VGK BASAAR

Die Vrye Gereformeerde Kerk beplan hul basaar vir DV **Woensdag, 21 Maart** ('n publieke vakansiedag). Indien daar enige lidmate is wat graag 'n stalletjie wil hê (let wel asseblief geen eetgoed), kontak asseblief vir Carina van den Hout (082 603 4451 of corbin@mweb.co.za).

4. SUSTERS

TEESKINKBEURTE

Vandag: Srs. **Nicolette Costerus,** Susan Barnard, Jethie Buys, Anthea du Plessis, Marie Mulder, Linda van der Walt, Sanet van Hoving, Gea Wyma
Woensdag (Kerkraad): Srs. **Willina Cilliers,** Rea Costerus, Elré Gerber, Thereza Wilson
Volgende Sondag – Nagmaal: *Geen tee/koffie* Alle susters word vriendelik versoek om te help opruim in die kombuis na afloop van die gemeente-ete

VERGADERING

Alle susters word hartlik uitgenooi na die kwartaal-vergadering op DV **Woensdag, 28 Februarie** om 19h00. Koffie, tee en verversings word reeds vanaf 18h30 bedien.

5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Herman Boneschans, Jaco Coetsee, Pieter van Niekerk, **Riaan Janse van Rensburg**
Volgende week: Brs. Martin van der Walt, Paul Swart, Lawrence Lombard

Ouderlinge
Vandag: Brs. Jaco Cilliers, Ben van der Walt, Harm du Plessis, Wilhelm Groenewald
Volgende week: Brs. Niël van Hoving, Gert Mulder, Jacobus Venter, Jakobus Wüst

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Ruhan Coetzee
Volgende week: Brs. Llen Labuschagne, Marten Daling

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Februarie: 26/02 Parow-Noord
Maart: 12/03 Glenlily, 26/03 Parowvallei
April: 16/04 Boston 1, 23/04 Boston 2

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Diakonale Kas	Diakonale Kas
By die deure:	GKSA Sustentasiefonds	Instandhouding van eiendomme

NAGMAAL

Ons gemeente vier DV **Sondag, 25 Februarie** tydens die oggend erediens die sakrament van die Heilige Nagmaal. Rakende die Nagmaalviering die volgende: Die Gereformeerde Leer vereis dat daar toesig gehou word oor almal wat aan die Nagmaal deelneem. Die Here vereis van die kerkraad om te sorg dat die tafel van die Here heilig gehou word. Die kerkraad moet hulle dus voor die Here kan verantwoord oor die leer en lewe van elke deelnemer aan die Nagmaal. Enige persoon wat nie 'n belydende lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville is nie en wat wil deelneem aan 'n Nagmaalviering in die GK Bellville, moet dus 'n getuienis inlewer van die kerk waar hy/sy vandaan kom. In hierdie getuienis moet sy/haar kerk baie duidelik aantoon dat hierdie persoon suiwer is in leer en lewe en dat hulle inderdaad aanbeveel dat so 'n persoon saam met ons Nagmaal vier. Gevolglik kan lidmate van enige kerk wat nie saamstem met die leer en die sakramentsbeskouing van die GKSA nie, ook nie tot die Nagmaaltafel toegelaat word nie. Alle aansoeke om saam met ons Nagmaal te vier, moet voor die kerkraad dien. Dit is verkieslik dat hierdie aansoeke skriftelik moet wees en dat die aanbevelings ook skriftelik moet wees. By wyse van buitengewone uitsondering, kan telefoniese bevestiging van die kerk waar sodanige nie-lidmate vandaan kom, aanvaar word.

Aansoeke om Nagmaal saam met ons te vier, moet asseblief voor of tydens die kerkraads-vergadering **Woensdag, 21 Februarie**, wat die nagmaal voorafgaan, ingedien wees.

Gemeente-ete

Almal word hartlik uitgenooi na die gemeente-ete volgende Sondag na die Nagmaal-erediens. Elke gesin bring asseblief 'n vleisgereg, slaai en nagereg (maak asseblief 'n bietjie meer as wat u normaalweg vir uself sou maak). Die tafelgebed word om 12h00 gedoen.

VERGADERINGS

Kerkraad

Woensdag om 19h00 in die konsistorie

6. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

19/02	Br. Dewald Costerus Sr. Henda Koen
20/02	Sr. Kobie Coetzer
21/02	Sr. Margo Nijeboer
22/02	Sr. Elaine Costerus Annelie van Wijk (17 jaar)
23/02	Br. Eugene Beyers Sr. Etresia Hendricks Br. Dirk Kruger snr.
24/02	Br. Marius Douglas Br. Ferdinand Hoffman

Gee aan hulle vrede en voorspoed, Here, want hulle het hulle vertroue in U gestel. *Jesaja 26:3*

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za